

## Maandag 8 Februarie

**Skrifgedeelte: Titus 2:11-15; HK Sondag 6, Vraag 17**

**Fokusgedeelte: Titus 2:13**

### Ons Middelaar: ware God

Om ons middelaar en verlosser te kan wees, is dit nie genoeg dat die persoon net 'n ware, maar sondelose, mens moes wees nie. Hy moes ook ware God wees. Om die helse smarte as straf op ons sonde te kan dra, om die vlamme van God se toorn oor die sonde te kan verduur en te kan blus – daarvoor was die krag en uithouvermoë van 'n gewone mens nie voldoende nie, selfs al het hy geen sonde gehad nie. Daarom moes hy ook ware God wees.

Hoewel die middelaar nie na sy goddelike natuur moes ly nie, was sy goddelike natuur nodig sodat dit sy menslike natuur só kon versterk dat hy die volle toorn van God aan sy menslike natuur kon dra. In die lig hiervan moet ook hier gevra word: Was die Middelaar waarlik God?

Die Godheid van Christus is in die loop van die geskeidenis dikwels bestry. In die vierde eeu het Arius dit ontken. Tans word dit ontken deur die groep wat as die Jehovah-getuies bekendstaan, en deur liberale teoloë wat die gesag van die Skrif as die Woord van God verwerp. As Hy egter nie ware God was nie, sou Hy ons nie kon verlos nie.

Wat leer die Skrif ons?

Op verskeie plekke word die Here Jesus *God genoem*. Die volgende is enkele voorbeelde: Volgens Johannes 20:28 noem Tomas Hom: “My Here en my God.” In Titus 2:13 sê Paulus: “Op daardie dag (van sy wederkoms) sal die heerlijkheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.” In 2 Petrus 1:1 sê Petrus aan wie hy sy brief rig: “Aan die wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het.” En in 1 Johannes 5:20 sê Johannes van Jesus Christus: “Hy is die ware God en die ewige lewe.”

Christus het ook nog *goddelike eienskappe*. So was Hy reeds daar voor-dat die wêreld geskape is (Joh. 1:1-3; 17:5). Verder het Hy ook *goddelike werke* gedoen, soos om sondes te vergewe (Mark. 2:5-7). Hy ontvang ook *goddelike eer*, want die Seun moet op gelyke wyse as die Vader geëer word (Joh. 5:23).

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat Christus waarlik God is. Hy kon nie net deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid dra nie, maar Hy het dit inderdaad gedoen en vir ons die geregtigheid en die ewige lewe verwerf en teruggegee.